

12 Oktober

Skrifgedeelte: Psalm 143
Fokusgedeelte: Psalm 143:8b, 10

As die wêreld my moed laat verloor!

Ons voel soms soos Dawid as hy sê: *“Ek is soos iemand wat lankal dood is. Ek het alle moed verloor ...”* Wanneer ons so voel, kan ons gerus by Dawid gaan kers opsteek. As hy nie self geweet het hoe om die stryd verder te voer nie, bid hy: *“Leer my om u wil te doen ... Laat u goeie Gees my op ’n gelyk pad lei.”*

Hierin is vir ons ’n groot gebedsles. Ons weet nie altyd hoe om die stryd teen die sonde, die wêreld en die duiwel aan te pak nie. Dis so maklik om te vergeet dat die Heilige Gees in ons woon wanneer die pad ongelyk raak. Daarom moet ons altyd bly bid:

Hemelse Vader, wys U vir my die pad aan om staande te bly en te oorwin. Wys U vir ons as kerk die pad aan wat ons moet gaan om in ’n tyd van stryd, afval, afdwaling en agteruitgang staande te bly. Wys U ons as ouers hoe ons ons kinders moet opvoed in hierdie deurmekaar tyd. Skenk ons u goeie Gees om ons te lei. Lei ons deur u Woord wat die lamp vir ons voet is. Leer ons, Heilige Gees, om nie op onself en op ons eie vermoëns te vertrou nie, maar om boweal op U te vertrou. U wat in die verlede getrou was, sal ons nou en in die toekoms bystaan. Wys ons, Heilige Gees, voortdurend op God se liefde, op sy trou. Sonder hierdie versekering sal ons sekerlik hierdie stryd verloor. Anders gesê: Heilige Gees, wys ons op Christus, op sy krag en sy oorwinning. Want Christus is vir ons die vervulling van God se verbondstrou en liefde. In Hom sien en ervaar ons die HERE se trou. In Christus skenk God aan ons die oorwinning.

Sing: Psalm 34-1:8 (1936)

Dr. De W Saaiman (Durban-Noord)